

Maatskappy en direkteur gevonniss vir LBS-bedrog

Tshwane, 27 Julie 2021 - 'n Maatskappy en sy direkteur is gevonniss vir LBS-bedrog vir 'n vervalste eis van R 5.7 miljoen in LBS-krediet.

'n Ondersoek deur ouditeurs van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het gevind dat die vervalste LBS-krediet ingedien is om 'n belastingskuld, ter waarde van R 5.6 miljoen, tot nul te bring. Die LBS-krediet is deur die SARS-ouditeurs teengestaan.

Die maatskappy, YB Mashalaba and Associates (Edms) Bpk. en die direkteur, mnr. Yandisa Bavulele Mashalaba, het in die Bloemfonteinse streekshof skuldig gepleit. Die maatskappy is met R100 000 beboet, geheel opgeskort vir 5 jaar, terwyl die direkteur R500 000 of 5 jaar tronkstraf opgelê is, wat geheel vir 5 jaar opgeskort is.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat maatskappye en hul direkteurs kriminele vervolging in die gesig staar indien hulle die wet oortree en die fiskus probeer ontnem van enige inkomste wat aan die staat verskuldig is.

"SARS sal dit moeilik en duur maak vir enige belastingpligtige wat willens en wetens die wet oortree; en ons verwag dat alle belastingpligtiges hul verpligtinge nakom en hul regmatige deel belasting betaal," het hy gesê.